07 Okt

Uitgawe 2009/10/07

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.

Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

… sodat julle waardiglik voor die Here mag wandel om Hom in alles te behaag en julle in elke goeie werk vrug mag dra en in die kennis van God mag groei. (**Kol.1:10**). Dit is maklik om oor iets te praat, maar dit verg dissipline en waarlike afhanklikheid van God om te doen wat ons praat, of eerder om te doen wat God se Woord van ons verlang. Ons moet strewe om versigtig en nederig voor God te wandel sodat ons wandel waardig kan wees. Ons verval maklik in die strik om mense en die wêreld tevrede te stel, maar vergeet dat ons Hom in alles moet behaag – nie halfhartig nie, en ook nie selektief nie. ***Hemelse Vader, ons praat so baie maar doen so min. Vergewe ons asseblief, want ons het teenoor U gesondig.***

Deurbraak : Soedanese seuns verlaat die strate

*Jay het vir 11 maande op straat gebly. As gevolg van die dood van sy pa, het hy weggehardloop van die huis en sy ma en suster agtergelaat. *OM (Operation Mobilization)* se bediening vir straatkinders het die eensame seun gevind en hom geneem na die sentrum vir seuns. Deur middel van berading hoop hulle om in die toekoms vir Jay te herening met sy moeder wat voel dat sy beide haar man en seun verloor het. Jay is een van 22 seuns wat homself vestig in een van die residensiële sentrums in Soedan. * Naam is verander om die seun se identiteit te beskerm. (E-pos: info@usa.om.org, 02/10/09). ***Dank die Here dat Hy hierdie seun gered het. Bid vir al die seuns soos Jay wat met die pad na hul genesing begin het. Bid dat hulle 'n verhouding met Jesus sal hê en dat hulle 'n ambag sal aanleer om hul te help in die lewe ná die sentrum.***

Bid vir jou gemeenskap : Effek van misdaad op jeug

'n Nuwe studie op die lewenstyl van jeug dui daarop dat die regering se statistieke die vlak van misdaad wat die jeug ervaar onderskat het. Byna die helfte van Suid-Afrika se jongmense was 'n slagoffer van misdaad in die laaste 12 maande. Die opname, *Youth Lifestyle Study*, het onthul dat uit die 4 391 jeug tussen die ouderdom van 12 en 22 wat deel uitgemaak het van die opname, was 27 persent 'n slagoffer van misdaad tussen Februarie 2007 en Februarie verlede jaar. Alhoewel daar 'n afname is in die aantal slagoffers in vergelyking met 'n soortgelyke studie in 2005, het navorsers hul bekommernis uitgespreek oor die gebrek aan klagte wat gelê was vir misdade teen jongmense. Ironies genoeg, die plekke waar hul die veiligste moet voel – hul skole en huise – is die plekke waar kinders die meeste slagoffers gemaak word. (Webruimte: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=13&art_id=vn20091003151154530C560113, 03/10/09). ***Bid vir elke jongmens in jou gemeenskap wat aan misdaad blootgestel word. Vra God om hulle skoon te was met Sy woord en dat geeneen van hulle wonde sal oorhou wat verlammend sal inwerk op hul volwasse lewe nie. Vra die Here om hul te troos. Bid dat getuienisse van Sy goedheid in hul lewens ook andere sal help.*** (**2 Kor.1:3-4**).

Suid-Afrika : Leierskonferensie

'n Unieke geleentheid om plaaslike kerke in te lig, inspireer en mobiliseer om eenheid te herstel en om hul plek in te neem in Wêreldwye Evangelisasie, en om leiers bymekaar te kry

wat op sendingwerk fokus om sendingwerk in SA in die konteks van wêreld tendense, word aangebied van 7-9 Oktober 2009. Die *World Evangelisation Network of South Africa* (WENSA) en die *Great Commission Ministers Network* in Khayelitsha gaan 'n sending konferensie vir pastore en kerkleiers van alle Christelike denominasies in die Kaapse Skeireiland met die tema *"Restoring Unity in Christian Missions"* aanbied. Ons wil pastore en leiers toerus met 'n visie dat die hele kerk van Suid-Afrika die Evangelie moet deel met die res van die wêreld. (E-pos: peter.tarantal@rsa.om.org, 07/09/09). ***Bid dat wanneer hierdie visie verstaan word die impak van 'n gemeenskap van geloof buite die grense van 'n geografiese ligging waar daar ontmoet word op Sondae, tot in die huise en besighede van kerkgangers en in die strate en publieke areas van die gemeenskap sal uitbrei.***

Internasionaal : Natuurrampe skok klein lande

Reddingspanne is nog steeds op soek na oorlewendes in Indonesië en Samoa. Hierdie twee eilande probeer die stukke optel na verlede week se verwoestende natuurrampe. In die tussentyd is die Filippyne besig om hulself voor te berei vir 'n moontlike super tifoon. Die regering van Indonesië het gewaarsku dat die dodetal kan styg. Duisende mense in nog steeds vermis, die soektog sal nog vir weke duur. Meer as 500 geboue het groot skade – sommige is heeltemal platgeslaan. (Webruimte: http://www.cbn.com/cbnnews/world/2009/October/Week-of-Natural-Disasters-Stun-Small-Countries/, 03/10/09). ***Vra God om die reddingspanne te versterk om die taak wat vir hulle voorlê met oorgawe te kan doen. Vra God om Sy liefde en genade aan elke oorlewende te openbaar.***

Hierdie gebedskalender is 'n inisiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com